terugblik

HEILBRON HERALD – VRYDAG 31 MAART 2000

Aprilmaand word gekenmerk deur die pragtige gesig van kosmos wat oral oor die streek te siene is. Die kosmos is vanjaar besonder mooi vanweë die goeie reëns. As 'n blommeprag staan dit geensins terug vir Namakwaland se beroemde "daisies" nie. Op die foto bo verskyn nog 'n blom van Heilbron – Anien le Roux tussen die kosmosse. Anien is 'n student aan die Universiteit van Pretoria.

Prima Vista Musiekskool hou konsert

Prima Vista Musiekskool het op Vrydag, 23 Maart 2018 'n konsert gehou in die Voortrekkersaal. Tydens die konsert het elke leerder met hul musikale talente gespog en verskeie sang items gelewer. Oupa's, ouma's en ouers het trots in die gehoor gesit. Hierdie geleentheid is ook gebruik om 2017 se sertifikate uit te deel asook die uitslae van die eksamens wat die leerders afgelê het. Die volgende leerders het sertifikate ontvang vir hul eksamens wat hul afgelê het. Martelise Hattingh (initial eksamen - 80%), Hendrika Piek (initial eksamen - 82%), Lana-Marie Hattingh (initial eksamen - 87%), Jan Hendrik Booysen (graad 3 - 87%) en Caliya Louw (graad 1 - 92%).

Baie geluk aan almal!

Op die foto verskyn die leerders tydens die konsert. Agter: Clary Naude (instrumente en teorie onderwyser), Wessel Steyn, Lüttig Roux, Bart Steyn, Jannie Booysen, Ruweé Beukes, Joshua van Wyk en Riana Mouton (sang onderwyseres). Middel: Paul de Koker, Mieke van Wyk, Caliya Louw, Suné Ferreira, MG Beukes en Nienke Spies. Voor: Hendrika Piek en Tertius Roux.

Paaspret vir die vakansie

Verbind die kolle en kleur jou prentjie in.